# Caritas

***Die gemeente se diens van barmhartigheid***

Baie dankie omgee-gemeente vir jul volgehoue ondersteuning in die vorm van geloofsofferbydraes, asook produkte, goedere en klere. Caritas se uitgawes beloop R6 000 per maand. Dit word aangewend om vir 5 behoeftige gesinne in ons gemeente maandeliks kruideniersware te koop en R1 500 word aan Huis Marie Louw oorbetaal vir die aankoop van doeke. Sonder julle onder-steuning sal ons nie hierdie diens kan lewer nie.

Hester Loots
Voorsitter: Caritas

# Gebedsonderwerpe

- Studente en leerders wat eksamen skryf. Bid vir kinders wie se huislike omstandighede dit moeilik maak om te studeer. Bid vir toewyding en motivering.
- Vir 'n oplossing vir die konflik in Oekraïne. Bid vir burgerlikes wat geweldige lyding moet verduur. Bid veral vir die kinders.
- Die polisie en algemene wetstoepassing. Bid vir hervorming in die leierskap en in die kultuur sodat mense weer vertroue in die polisie sal ontwikkel en nie wet in eie hande neem soos nou so dikwels gebeur nie.
- Bid vir ons land vir leiers op alle gebiede wat altyd die belang van ons land en gemeenskap eerste sal stel.

Hannetjie Gericke: hannetjiegericke@gmail.com

# JUNIE se deurkollektes

05 Jun: Gemeentebediening – R2 429
12 Jun: Projekte 2022/23
19 Jun: Helderberg Hospitaal
26 Jun: Sinode: Bediening aan die Jode

# BORG van die maand

**Feather Dusters**
**Johan Bruwer**
**084 871 0138**
**johan@fdusters.co.za**

# DANKOFFER BETALINGS:

**1. Elektronies/internet bankdienste:**

Rek naam: NGK Somerset-Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

**2. Snapscan:**

SnapScan
Snap here to pay
Works with

**3. Kontantinbetalings & koeverte:**

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofoffer koeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeg gemaak.

**4. Debietordervorms:** Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787.

# DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

**12 Junie 2022**

# Loferediens 09:30

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend. Ons staan nou aan die begin van die langste seisoen op die kerk-jaarkalender, nl Koninkrykstyd. Hierdie Sondag staan dan gewoonlik bekend as Drie-Eenheidsondag. Vandag staan ons stil by Romeine 5:1-11 en probeer daardeur besin oor hoe God-Drie-Enig in ons lewens betrokke is. Ons het ook die voorreg om te hoor van een van Helderberg Uitreik se opwindende projekte, Agapé Medies. Baie welkom aan Junita Kruger wat hieroor met ons kom gesels. Mag die Here ons dan vandag kom seën met sy heerlike teenwoordigheid.

***Ons wil tog weer mense wat in die omgewing woon en aanlyn ingeskakel is, vra om weer die eredienste fisies by te woon ter wille van die saamwees.*** **Roete na gestroomde eredienste:** Besoek die webwerf by https://ngkerksomersetwes.co.za/ **ÓF** gaan na Youtube en tik in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes". Die jongste erediens sal bo-aan die blad beskikbaar wees vanaf kort voor die eredienstyd.

# Meditatiewe diens:
# Sondag, 12 Junie 08:00

## Manne Reisgesprek Vrydagoggende

Weekliks volgens die kerkkalender.
Volgende geleentheid: **22 Julie 2022**
* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *
Ons behandel James Bryan Smith se
**"The Good and beautiful God"**

# Voorbidding

- **Theresa v Zyl,** knievervanging.
- **Cecilia v Zyl,** skoueroperasie.
- **Aletia Waring,** Spescare.
- **Koos Swart,** skoueroperasie.
- **Hannetjie Sieberhagen**, sterk aan na knievervanging.
- **Ina Montini,** Spescare na heupvervanging.
- **Yvette la Grange**, sterk aan na heupvervanging.
- **Stella vd Westhuizen,** behandeling
- **Bets de Klerk,** terminaal.
- **Elmaré Rankin**, sterk aan na heuprekonstruksie.
- **Tersia Baard,** sterk aan na skoueroperasie.
- **Cecile Maree**, gesondheids-probleme.
- **Danie & Stephanie du Plessis,** herstel na operasie(s).
- **Elize Basson**, sterk aan.
- **Phillip & Renate Retief**, gesondheidsprobleme.

## Bybelstudie
**Woensdae**
**Oggende (2-weekliks):**
22 Jun - 10:00 - Kosmos
**Aande (weekliks):**
15 Jun - 18:00 - Kosmos

## Gebedsgroep
**Woensdae**
**Volgende geleentheid**
15 Jun * 09:00
Konferensiekamer

***Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!***

***Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!***